Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2022

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

**PUNTE:** **100**

**TYD:** **2½ uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (50) |
| AFDELING B: | Langer transaksionele teks | (30) |
| AFDELING C: | Kort transaksionele teks | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat jy geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

5. Jy moet jou skryfstuk beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld ŉ kopkaart of ŉ vloeidiagram of sleutelwoorde. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elke afdeling skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Trek ŉ streep deur jou beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.

7. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 80 minute |
| AFDELING B: | 40 minute |
| AFDELING C: | 30 minute |

8. Nommer elke skryfstuk soos wat dit op die vraestel genommer is.

9. Skryf die titel/opskrif boaan elke skryfstuk.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

11. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

- Skryf 'n opstel van 250–300 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

1.1 Ek glo in tweede kanse. **[50]**

1.2 My Tik Tok-droom! **[50]**

1.3 Is dit die moeite werd om verder te studeer? **[50]**

1.4 Sondag is vir my die beste dag van die week. **[50]**

1.5 Ek is die mens agter die masker. **[50]**

1.6 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n OPSTEL daaroor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en die titel van die opstel neer.

**LET WEL:** Daar moet 'n duidelike verband wees tussen die opstel en die prent wat jy gekies het.

1.6.1



[Bron: *Pinterest* 2022] **[50]**

1.6.2



[Bron: *Pinterest 2022*] **[50]**

1.6.3



[Bron: *Google Images 2022*] **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

2.1 **FORMELE BRIEF**

Jou skool het 'n 100 % slaagsyfer in die vorige jaar se matriekeksamen behaal en jy wil die skoolhoof en personeel gelukwens.

Skryf 'n formele brief aan die skoolhoof waarin jy hom en die personeel op hul prestasie gelukwens. **[30]**

2.2 **AGENDA EN NOTULE**

Die leerlingraad hou vergadering oor die dissiplinêre probleme in die skool en oor wat gedoen kan word om die probleme te oorkom.

Gebruik die agenda hieronder en skryf die NOTULE van die vergadering.

AGENDA VAN LEERLINGRAAD SE VERGADERING GEHOU OP 30 SEPTEMBER 2022

1. Opening
2. Verwelkoming
3. Presensie
4. Sake om te bespreek
   - 4.1 Leerlinge op detensielys
   - 4.2 Strafmaatreëls
   - 4.3 Voorstelle om probleme te oorkom
5. Ander sake
6. Afsluiting

**[30]**

2.3 **RESENSIE**

Daar het 'n nuwe eetplek in julle omgewing oopgemaak. Jy en jou vriend/in het die plek besoek.

Skryf 'n RESENSIE vir die eetplek. **[30]**

2.4 **DIALOOG**

Een van jou skool se matrikulante het sewe onderskeidings behaal in die vorige jaar se matriekeksamen. Jy is in gesprek met die leerder en vra uit oor hoe hy/sy dit reggekry het.

Skryf die gesprek tussen julle in DIALOOGVORM neer. **[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

3.1 **UITNODIGING**

Die matrikulante hou ŉ fondsinsameling om die families wat hul besittings in die vloed verloor het, te help. Hulle nooi die gemeenskap uit om items soos komberse, klere en kos te bring.

Ontwerp ŉ UITNODIGING vir die fondsinsameling. **[20]**

3.2 **DAGBOEKINSKRYWING**

Jy het vir ŉ sangkompetisie ingeskryf en het ŉ oudisie gekry. Jy vertel jou dagboek van jou ervaring.

Maak die volgende TWEE DAGBOEKINSKRYWINGS:

- Die dag voor die oudisie
- Die dag na die oudisie **[20]**

3.3 **AANWYSINGS**

Jou metgesel vir die matriekafskeid kom vir die eerste keer na julle huis om jou vir die afskeid te kom haal. Hy/sy weet nie waar jy bly nie. Gee aanwysings vir hom/haar sodat hy/sy jou huis kan vind.

Skryf die aanwysings puntsgewys neer. **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou